

# Die Sierduif

January / Januarie 2024

# The Fancy Pigeon



**Antwerp Smerle**



**Fourie Cronjé**  
Gebore - 27/02/1941  
Oorlede - 05/12/2023

Hierbo is wyle oom Fourie Cronjé op sy liefling perd tydens 'n skou en links is die Antwerp Smerle wat hy vir baie jare probeer reg teel het sonder om in te voer

Onder is wyle Lotie Geyer saam met sy gade Anita van 46 jaar en regs die Norwich Kropper waarvoor hy so lief was toe hy gesond was



**Ere-Presidente / Honorary Presidents**

*Mnr. Warren Klopper*

*Mr. Clive Druce*

*Mr. Stewart Patterson*

*Mnr. Wynand Wessels*

*Ds. Renier Lee*

*Mnr. Pierre le Roux*

*Ds. Hennie Hattingh*

**Uitvoerende Komitee / Executive Committee**

**Nasionale / National President**

*Chris de Bruin, Posbus 906268, Magalieskruin. 0150 Tel: 012 819 1594, Sel: 082 426 8703*

*E-pos: tiaandebuin0@gmail.com*

**Nasionale Vise-President / National Vice-President:**

*Dirk Scholtz, Posbus 21110, Nelspruit, 1200, Sel: 082 452 4229, E-Pos: dirk@harmonie.co.za*

**Nasionale Sekretaris / National Secretary:**

*Gerhard van Aswegen, Posbus 2792, Krugersdorp, 1740, Sel: 082 921 1747, E-Pos: gjtlofts1@gmail.com*

**National Treasurer / Nasionale Tesourier:**

*Bertie Wessels, Posbus 1085, Bothaville. 9660 Sel: 083 733 4191, E-Pos: bertie\_wessels@hotmail.com*

**National Ring Master / Nasionale Ringmeester:**

*Robin Prince, 53 Mangold Street, Newton Park, Gqeberha, 6045 Sel: 082 957 6773 / 082 565 9022,*

*E-pos: safpa.rings@telkomsa.net*

**Nasionale Redakteur / National Editor:**

*Cora Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2499 Sel: 076 313 2873, E-Pos: coramunnik@gmail.com*

**Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges Officer:**

*Christo Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2449 Sel: 076 391 5800, E-pos: cora.christo@gmail.com*

**Streekverteenwoordigers / Region Representatives**

**Noord-van-die-Vaal:** *Shaun Smeda, 6 Shirley Road, Valhalla, Centurion, 0185 Sel: 072 190 0345,*

*E-pos: Shaunsmeda@intercape.co.za*

**Vrystaat:** *Chris vd Walt, 1 Stanton Street, Fichardpark, Bloemfontein. 9301 Sel: 082 378 6447,*

*E-pos: plackers@wol.co.za*

**Wes Kaap:** *Pieter Neethling, 21 St Thomas Street. 7322 Sel: 081 397 9960 E-pos: thehaircorporation12@gmail.com*

**Noord-Vrystaat:** *Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082 855 0089,*

*E-pos: pietodendaal01@gmail.com*

**Oostelik Streek:** *At van Jaarsveld, Posbus 3568, Middelburg, 1050, Sel: 072 368 1214,*

*E-Pos: atvanjaarsveld@gmail.com*

**Noord Kaap:** *Seppie Esterhuisen, Posbus 52, Upington, 8800 Sel: 082 559 1132,*

*E-Pos: seppie.esterhuisen@gmail.com*

**Oostelike Provinsie:** *Danie Strydom, 1 De La Fontein Street, Young Park, Gqeberha, 6001 Sel: 072 353 9778,*

*E-Pos: strydomjdw@gmail.com*

**Suid Westelike Distrikte:** *George Bell, Posbus 3, Zoar, 6656 Sel: 083 483 9969 E-pos bellgeorge@hotmail.com*

**Wes-Transvaal:** *Awie Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 084 682 0143,*

*E-Pos: pyp.esterhuizen@gmail.com*

**KwaZulu-Natal:** *Duane Schwarz, 33 McLean Street, Umkomaas, 4170, Sel: 084 207 1617,*

*E-Pos: duanes@maverickcleaning.co.za*



## Indeks / Index

Algemene inligting van die SASV	2
Editors Page / Redakteur se blad	3
Voorwoord - Seppie Esterhuysen	3
Ek groet Oom Fourie Cronjè - Christo Munnik	4
Gauteng Waaiertstertdag - Danie Strydom	7
Rus in vrede Lotie Geyer - Christo Munnik	10
Scoreboard and Rules	16

## Birthdays / Verjaarsdae

G021 - Rodney Stevens	08-Feb
S002 - Pikket Coetzee	13-Feb
N027 - Duane Schwarz	15-Feb
W087 - Jaco Marais	16-Feb
N025 - Bruce Sandison	16-Feb
V057 - Willem Nel	17-Feb
G050 - Gert Smuts	19-Feb
W063 - Jan Swanepoel	19-Feb
N043 - John Mowat	22-Feb
K003 - Robin Prince	24-Feb
W088 - J Diedericks	25-Feb

***Jy hoef nie môre of die nuwe jaar te vrees nie, God is reeds daar***



### ***Voorwoord***

***deur Seppie Esterhuysen***

***Januarie 2024***

Die een dag 31 Desember 2023 en die volgende dag 1 Januarie 2024, 'n reuse sprong, maar nogsteeds is dit somer!!! En end Januarie lê om die draai, tyd hardloop en voor jy vir jou kom kry, begin die eerste streekskou in April 2024!!!

As ek terugdink aan 2023 dan dreig die negatiewe om die positiewe te oordonder. Gebeure soos beurtkrag, korrupsie, stakings, skuld, droogtes, vloede, stygende pryse, Gaza is tekenend hiervan!!! As ons hierby gaan vassteek, sal 2023 jou altyd her-

inner aan 'n negatiewe tyd. Kom ons verander ons denke en begin fokus op dit wat positief was die afgelope jaar. Die Springbokke is Wêreldkampioene, die Protea Netbalmeisies was ongelooflik, Bayana Bayana was kampioene, Dricus du Plessis, die "fighter" se woorde na sy wen, "Hulle weet nie wat ons weet nie", enkelinge en gemeenskappe wat moue oprol en ons dorpe begin red van ashoop-status, uitreik aksies na die in nood, voerskenkings vir droogte gebiede en afgebrande plase, boere wat op eie koste openbare paaie herstel na vloede en vele meer!!!! Dit inspireer my.

Nader aan ons stokperdjie, 'n amper onmoonlike SA's te Bloemfontein, 'n reuse sukses, wys jou!! (positiewe gesindhede bring gewillige hande en hope energie byeen), suksesvolle streekskoue ten spyte van die geldknyptang wat orals sigbaar is, top duiwe in die Top 7, positiewe gesindhede tussen lede, eerste SA Fancy Pigeon Online Show en die whatsapp-groep wat uit sy nate bars, nuwe lede

## *Suid-Afrikaanse Homer Klub*



*President: Christo Munnik  
e-mail: cora.christo@gmail.com  
Sel: 076 391 5800*

*Sekretaris: Attie van Aswegen  
e-mail: attievanaswegen@gmail.com  
Sel: 082 411 8483*

*Augustus 2023*



wat aansluit, beoordelaars wat die ekstra myl stap, beoordeel in sommige gevalle amper alle duiwe op die skou!! As bogenoemde jou nie positief stem ten opsigte van 2023 nie, gaan sit en begin tel jou seëninge!!! Dankie vir die wat vriende of familie bygestaan het in tye van nood om hulle las ligter te maak!!!

2024 lê voor ons deur, 'n onbekende pad, orals sien ons onweerswolke. Meng met mense wat die positiewe in die donkerte raaksien, negatiewe mense tap jou energie. Waar begin 'n mens? Moet ons wag vir die regering, die munisipaliteit of vir ander mense, NEE!!! Begin môre om die papiere in die straat langs jou huis op te tel, vul die slagat in die straat by jou oprit, verf jou straatnaam. Hierdie sal jou besighou die hele 2024.

Wat kan ek op die duiwefront doen, raak betrokke by jou stokperdjie, nie net in jou hok nie, maar ook na buite. Dinge soos teling, rekordhouding is

noodsaaklik, maar dit help nie jy hou alles vir jouself en leef dit nie uit in jou groep nie. Gee jou hande, jou talente, jou kennis, jou ondervinding waar dit nodig word. Help 'n nuwe lid met duiwe. Skryf self of vra iemand om namens jou 'n briefie vir die Sierduif te skryf. Praat in jou streek van Ons Skou, nie van Die Streekskou nie!! Dink hoe ge-olie sal jou streek wees as sy lede praat van ons skou, ons wil, ons gaan - ons het!!

Reik uit na duiwevriende, herstel ou bande, verwelkom nuwe lede, stuur 'n boodskap van sterkte aan 'n lid wat deur 'n moeilike tyd gaan. Kom ons bou in plaas van kritiseer!! Om te bou vra iets/energie van jou, om te kritiseer die minimum, dit kom vanself!!

Mag 2024 vir elke lid 'n jaar wees van 'n nuwe-begin, nie net op persoonlike vlak nie, maar ook op geestelike vlak!!

Mooi loop!!!!!!



***Ek groet een van die wonderlikse mense wat ek ooit geken het Oom Fourie Cronjè***

***Christo Munnik***

Desember 1991 verhuis ek en my gesin vanaf Randfontein na Virginia in die Vrystaat nadat die myn my verplaas het.

Vroeg in 1992 ontmoet ek en Cora die Noord Vrys-

taat lede waaronder wyle Wynand Wessels, Roux-tjie Roux en dan ook wyle Lotie Geyer en sy gesin. Dit was die begin van 'n baie goeie vriendskap met die Geyers vir 'n hele paar jaar. Lotie Geyer neem vir my en my seun Harry na oom Fourie Cronjè toe en stel ons aan die man voor.

Van daardie oomblik af totdat ek in 2014 suidkus toe trek was ons hegte vriende. Ek het myself vreeslik geniet om in die oom se geselskap te wees en duiwe te gesels want hy het geweet van duiwe. Op die plot waar hy sy duiwe en perde gehad het was vir ure aanmekaar gesels en gedoen. Ek onthou baie goed hoe hy vir jare probeer het om

## *Birmingham & SA Distance Roller Vertoners Klub*



*President: Christo Munnik  
e-mail: cora.christo@gmail.com  
Sel: 076 391 5800*

*Sekretaris: Attie van Aswegen  
e-mail: attievanaswegen@gmail.com  
Sel: 082 411 8483*

*Augustus 2023*



Antwerp Smerles te teel wat hy nooit reggekry het nie want daar was altyd die een of ander 'snag' wat nie reg was nie.

Oom Fourie het nie sy duiwe op baie skoue vertoon nie maar hy het ook nie Noord Vrystaat se

Net 'n staaltjie oor die oom, in 1999 hou Noord Vrystaat SA's in Welkom en oom Fourie daag op met sy duiwe in 'n ou hangkas agter op sy trok, gelukkig was dit net sy groot duiwe maar ons moes nogtans bontstaan om die duiwe uit die kas te kry maar dit was maar die omie gewees.

Ek het nooit eintlik kon agterkom wat was vir hom belangriker sy duiwe of sy perde nie want hy het presies ewe veel aandag aan altwee bestee. Ek moet darem sê hy het perde baie goed geken en baie goed versorg. Wyle Basie de Lange het een-dag vir my gesê ek moet kyk as oom Fourie op die perd se rug sit lyk dit asof hulle uit eenstuk gegiet was so het hy op 'n perd se rug gelyk. Harry



skoue gemis nie waar hy gewoonlik ekstra duiwe ingeskryf het net om die getalle vol te maak. Baie van daardie duiwe was dan ook basters wat hy mee besig was om te teel.

Ek en Harry het of weekliks vir die oom gaan kuis of hy was by ons veral toe ons in Hennenman gebly het of ons het ten minste een keer per week oor die foon met mekaar gesels. Oom Fourie het die 27ste februarie verjaar en ek het dit 'n punt gemaak om hom elke jaar geluk te wens iets wat hy verskriklik waardeer het.

en oom Fourie was naderhand so geheg aanmekaar dat Harry naweke en somer die hele skool vakansie by hom en tannie Gwen gaan bly het net om elke dag te kan perd ry.

## ***Uil & StrikduifKlub***

*Spesialiteitsklub vir:*

*Afrika Uile, Chinese Uile, Italiaanse Uile, Ou Duitse Meeu  
en Oriental Frill (Blondinette en Satinette)*

**President : Shaun Smeda - 072 190 0345**

**Sekretaris: Leendert Snyman - 083 286 8496**

**leendert270@gmail.com**

*August 2023*





Op 'n stadium toe Harry nog in die skool was het die oom vir hom 'n perd geskenk wat hy net self

My oom ek groet vir jou vandag en wil hê dat jy sag sal rus, ek het wel kontak verloor toe ek see



**Hier bekyk ons een van oom Fourie se kruisings wat hy gemaak het die een was tussen die Jakobyn en Indian Fantail**

moes versorg. Dit het goed gegaan by die stalle in Virginia maar dit het naderhand vir Harry te veel geword tussen die perd en oom Fourie se perde en dan ook die duiwe waarmee ek en Harry geboer het. Hy besluit toe om die perd vir die oom terug te gee maar die oom wou niks weet nie hy koop toe die perd by Harry terug.

toe was en later verneem dat jy alles opgegee het om maar by die kinders te gaan bly, dit moes vir jou erg gewees het my oom maar ek wil vir jou sê as ek die kans sou kry om alles weer oor te doen sou ek dit nie anders wou gehad het nie. Jy het vir my baie dinge in die lewe geleer wat ek nooit sal vergeet nie.

## George Nell



*Teel met Syrian Dewlaps  
en gaan poog om met hulle te vlieg  
en ook met Birmingham Rollers  
e-mail: georgenell42@gmail.com  
Sel: 083 536 6917*



November 20223

## Harry Munnik



*Teel met  
Birmingham Roller  
Holle Cropper  
Dutch Highflyer  
Gros Mondain  
Working Homer  
Sel: 072 600 6919*



*e-mail: munnikharry5@gmail.com*

November 2023



## Gauteng Streek Waai- erstert Duiwe dag

**Danie Strydom**

Ons Gauteng waaierstert duiwe dag is gereël en aangebied deur ons streeksverteenvoerder, Willie Janse van Rensburg. Dit was duidelik vanuit die staanspoor dat Willie die geleentheid een van die beste waaierstertbyeenkomste van die jaar wou maak. Bemarking van die dag is vroegtydig begin in ons streek asook aan ons ander waaierstertstreke om soveel van ons lede moontlik by die dag teenwoordig te kon hê om te deel in die besprekings en pret soos beplan.



like uitnodigings ons nuwe lede aangemoedig om die dag te kom bywoon.

Alle kennis wat gedeel is, was ook so gekoördineer om waardevolle inligting te deel in verband met:

- Die Waaierstert klub
- Basiese kennis in verband met die ras
- Rasstandaarde
- Skouvoorbereiding en
- Teel beginsels

Verder is alle senior beoordelaars en eksterne ge-



wese beoordelaars in ons streek uitgenooi om die dag saam met ons te kom geniet. Natuurlik word hul insette in alle besprekings oor die Waaierstert-



As gevolg van die goeie beplanning was die Gauteng streek se waaierstert telers 100% teenwoordig asook 'n nuwe lid van die Mpumalanga Streek. Willie het met baie spesiale persoon-



## Plakkerskamp Boerdery

Stantonstraat 1, Fichardpark, Bloemfontein.

Selfoon: 082 378 6447

Epos: [plakkers@wol.co.za](mailto:plakkers@wol.co.za)

August 2023

Teler van: Brunner Pouters in Wit, Blou, Bruin & Swart

Teler van die Reserwe Kampioen duif tydens

2022 SA Kampioenskapskou

Teel ook: Norwich Kroppers in Rooi, Mealy & verwante kleure



tklub en -ras baie waardeer.

Op die manier vind daar 'n bietjie kruisbestuiwing plaas om die duiwestokperdjie vir almal te verbeter. Ons glo dat ons ook in die proses almal teenwoordig met 'n verbeterde waaierstert kennis kon toerus gedurende die besprekings.



Graag wil ek sommer ook van die geleentheid gebruik maak om Oom Chris de Bruin te bedank vir sy belangstelling en dat hy altyd by ons waaierstertduiwe dae teenwoordig is. Dit is duidelik dat dit vir hom baie belangrik is dat alle rasse en telers se behoeftes aangehoor en sover moontlik geakkommodeer word, in die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging. Ek kan met die grootste agting getuig dat hy



sluit aan  
by ons...



Kontak:

Danie

0823293043

Pearl

0728423032

FANTAIL CLUB  
WAAIERSTERTKLUB

August 2023





werklik probeer om sy eie kennis oor ons geliefde waaierstertras en die beoordeling van die ras te verbeter. Dit is wonderlik om so 'n gesindheid as voorbeeld waar te neem en na te volg wat net tot voordeel van ons duive stokperdjie kan strek.

Graag deel ek Willie se wenresep vir so 'n suksesvolle duivedag. Ek glo dit sal tot voordeel strek vir al ons sierduiftelers en administrateurs wat sulke geleenthede reël en bemerk.

- By aankoms word elkeen vriendelik ontvang met 'n lekker warm gemoed en 'n stewige handdruk.

- Die kuier area was klaar reggesit met waa-



iersterte in houhokkies en beoordelaarshokke gereed om duive daar in te plaas gedurende die besprekings.

- Daarna is almal aan mekaar voorgestel. Na die groet en kennis maak word daar 'n lekker koppie boeretroos saam met beskuit, van elke soort en geur, jou aangebied om te geniet.

- Sonder om enigsins 'n atmosfeer van gedruktheid of gejaagdheid te skep, word die een besprekingspunt na die ander aangepak met genoeg tyd om na verskeie opinies en metodes te luister, vrae te vra en antwoorde te bied.

- Heerlike boere worsrolletjies, van 'n verskeidenheid van broodrolletjies, en boerewors kon na smaak en geur opgedis word en so geniet ons gesels, gesels 'n middagete.

- Daar was ook vir 'n bietjie ligter of eerder grappiger pret voorsiening gemaak. Elkeen kon sy oudste waaierstert vertoon. Nodeloos om te sê dat elke ou duif, met een of ander nostalgiese verhaal gepaard gegaan het, wat ou en wonderlike herinneringe van vriende en vriendskappe weer laat herleef het. Die prys vir die wenner was nie te versmaai nie twee versamelaarsbottels rooi wyn was op die



## SA Wattle Breed Club / SA Sponsduif Klub



**President: Bertie Wessels**  
e-mail: bertie\_wessels@hotmail.com  
Sel: 083 733 4191

**Sekretaris: Ds Hennie Hattingh**  
e-mail: hennihattingh703@gmail.com  
Sel: 082 923 3910

**Prestigeskou**

**3de Saterdag van Januarie elke jaar in Kroonstad**



Augustus 2023

spel.

• Nog was dit die einde niet, want weer word almal bederf met heerlike nagereg - niks soos 'n ou soet dingetjie om 'n heerlike dag saam met ou en nuutgevonde vriende af te sluit nie.

Ons groet mekaar en pak die pad huiswaarts aan, maar ook nie voor ons gasheer eers die manne met

voertuig probleme help en bystaan nie. Almal teenwoordig het die duiwedag opreg en terdeë geniet. Vergun my asseblief om Willie weer te bedank vir 'n wonderlike waaierstertduiwe dag. Wat 'n voorbeeld van onbaatsugtige diens aan jou mede waaierstert en ander duiwe vriende. Die dag was werklik 'n hoogtepunt op die Waaierstertklub se byeenkomste vir 2023.



**Rus in Vrede Lotie Geyer**


**Christo Munnik**

Gedurende 1992 ontmoet ek en my gesin die Geyer gesin nadat ons verhuis het na Virginia vanaf Randfontein. Ons en die Geyers het saam gewerk in die Noord Vrystaat Streek om skoue te reël en ook duiwedae en so voorts.

Nodeloos om te sê het daar 'n hegte vriendskap ontwikkel en besoek ek Lotie se hokke bykans weekliks omdat hy Norwich Kroppers geteel het wat vir jare baie naby aan my hart was. Ek het met Norwich Kroppers begin teel in die vroeë 80's toe ek en Ds Renier Lee vriende was en hy my gehelp het om goeie Kroppers te teel.

Met daardie kennis kon ek dan vir wyle Lotie baie help om sy duiwe te verbeter want daar was toe 'n ou mens wat hom aanhoudend op die verkeerde pad gehelp het omdat hy bang was Lotie wen hom

op skoue. Ek en wyle Lotie het hard gewerk om sy duiwe op standaard te kry en hy het dan ook van die beste Norwich Kroppers begin vertoon.



Ek sal nooit vergeet dat Lotie nie kon duiwe doodmaak nie en het hy gewoonlik die uitgooi en

## *Cora Munnik* *Nasionale Redakteur*



*Teel met Portuguese Tumblers*  
*e-mail: coramunnik@gmail.com*  
*Sel: 076 313 2873*



Oktober 2023



siek duiwe vir my seun Harry iewers gebêre om later vir hom dood te maak. Ook niks fout daarmee nie daar is maar lede wat dit nie kan doen nie. Die ongelukkigheid met wyle Lotie was dat hy sy duiwe later moes wegmaak en heeltemaal ophou duiwe boer omdat hulle hom ernstig siek gemaak het. Dit was nogal 'n gatslag vir die Norwich Kroppers want hy het baie goeie duiwe gehad.

Wyle Lotie het later baie siek geword so erg dat hy naderhand permanent op suurstof moes wees. Een ding was seker toe hy nog gesond was het niks vir sy hande verkeerd gestaan nie hy was altyd gereed om te help met skoue opsit sale mooi te maak en enige iets wat jy vir hom gegee het om te doen was klaar gedoen.

Gun my dan ook die geleentheid om ook so 'n klein



staaltjie te vertel van Lotie. Op een van my talle besoeke aan sy huis vra hy my ek moet hom asseblief help om sy Chinese Kwartels babas wat hy in die broeikas uitgebroei het uit te haal want ons sal twee moet wees daai goed is vinnig.


So kom ons in die garage en hy wys my die broeikas wat so min of meer op my ooghoogte gestaan het en ek sien die kwartel babas binne rond hardloop. Wyle Lotie kon nie in die kas inkyk nie want sy knieë het mos te laag uitgekrom. Hy maak toe ook sommer die kas oop en negentien kwartel babas spring een skoot uit die kas uit in die garage is wat baie gereedskap en sy kar ingehad het. Die man het my net een kyk gegee en toe vra hy ek moet hom asseblief help om die babas te vang. Nou die van julle wat weet en die ander ook sal weet dat daai babas loshande deur 'n ogiesdraad hardloop.



Ek het toe vir Wyle Lotie net een kyk gegee en gemaak dat ek wegkom huis toe. Ek weet tot vandag toe nog nie of hy hulle weer gevang gekry het nie.

My vriend jy moet in vrede rus tot ons mekaar weer sien ek weet Anita en die kinders/kleinkinders gaan jou baie mis.

## Christo Munnik Nasionale Beoordelaarsbeampte



*Teel met Roller duiwe vanaf 1963  
en met Birmingham Rollers vanaf 1980  
Teel nou ook weer met Barbs  
e-mail: cora.christo@gmail.com  
Sel: 076 391 5800*



Oktober 2023

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

## Rules

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

Order from the National Ringmaster:

1. Book of Standards R250 each
2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each
3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each
4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each
5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each
6. Metal Member & Judges scrolls R50 each
7. National pocket badges (Green) R70 each
8. National Honour scrolls (Green) R30 each
9. National Ties (Green) R120 each

All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage

## Reëls

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
  2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
  3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
  4. Streeknuus verdien 200 punte.
  5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
  6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
  7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
  8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
  9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.
- NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

### Bank OFS Shield

- |                       |      |
|-----------------------|------|
| 1. Western Transvaal: | 2995 |
|-----------------------|------|

### Manie Fourie Trophy

- |                        |      |
|------------------------|------|
| 1. North-of-the-Vaal:  | 2648 |
| 2. Northern Freestate: | 1512 |
| 3. Northern Cape:      | 1400 |
| 4. Eastern Province:   | 450  |
| 5. Freestate           | 300  |
| 6. Eastern Region:     | 300  |
| 7. KwaZulu-Natal:      | 150  |
| 8. SW Districts:       | 0    |
| 9. Western Cape:       | 0    |

Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls bo-aan die kolom. /To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above.

### Bertie Wessels Trophy

- |                       |     |
|-----------------------|-----|
| 1. Noord-van-die-Vaal | 0   |
| 2. Vrystaat           | 100 |
| 3. Noord Vrystaat     | 0   |
| 4. Noord Kaap         | 0   |

Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan oor punt 9/ The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9